HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

26 April 2024

OMSENDBRIEF 14/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Netbal:** Baie geluk aan **Janien de Wet** (o.14) wat gevorder het na die Wes-Kaap Netbalproewe! Dit is voorwaar iets om op trots te wees. Ons hou al ons duime vas, Janien.

2. **Fotografie:** HSB staan breë bors oor een van ons oudleerders, **Simoné Smit** (2012 matriek), wat as die Beste Troufotograaf **in die wêreld** aangewys is in die Lux-Life Global Wedding Awards van 2024. Simoné het destyds ook as fotograaf bydraes vir ons skoolkoerant gelewer. Baie baie geluk met hierdie massiewe prestasie, Simoné! Jy is 'n bewys dat ons plattelanders vir niks en niemand terugstaan nie.

3. **Danskompetisie: Enzo Toorn** het deurgedring na die Langeberg Sensation-danskompetisie se finaal op 3 Mei. Enzo vorder baie goed sover en die beoordelaars het Saterdagoggend met sy ma gedeel dat Vrydagaand se optrede van Enzo bitter goed was. Enzo se pa sê dat Enzo nie vandag so vol selfvertroue sou kon optree as dit nie vir HSB se koshuistalentkompetisie was nie. Daar het hy gesien dat mense hom ondersteun en dat hy daarvan hou om op die verhoog op te tree. Baie sterkte, Enzo! Dans jou hart uit en hou ons skool se naam hoog.

4. **Skaak:** Ons hoërskoolskaakspan het Woensdag 14 April teen HS Montagu gespeel en 5-5 gelykop gespeel. Mooi so, skaakspan!

5. **Skoolgeldrekeninge:** Rekeninge vir skoolgeld is vandag aan leerders uitgedeel. Ouers, maak asseblief seker dat u die rekening by u kind kry en die vereiste bedrag so gou moontlik betaal. Ons kan nie vir ons leerders die fantastiese geleenthede by Hoërskool Bonnievale gee sonder behoorlike finansiële ondersteuning van alle ouers af nie. Ouers wat aansoek gedoen het vir skoolfondsvrystelling en nie 'n brief saam met die rekening ontvang het nie, kontak asseblief die Finansiele Kantoor. Vir navrae oor u rekening, kan u die finansiële kantoor kontak by 023 616 2160 of finansies@hsbonnievale.co.za .

6. **Gebedgroep:** Die skool se jeugmentors het besluit om 'n ouergebedgroep te begin. Hiermee word alle ouers van HSB uitgenooi om **Vrydagoggende 9:00** in die mediasentrum by die hoërskool saam met ons skool se jeugmentors en ander gelowige ouers te kom bid. Ons kinders, gesinne en onderwysers het gebed nodig en u kan help om saam, as span, vir elkeen van hulle te kom bid. Jakobus 5:16b: "...Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Kontak gerus vir Rian Boshoff of Sunel de Beer vir enige navrae.

7. **Skool-inskrywings 2025:** Aansoeke vir graad 1 en graad 8 vir 2025 word tans deur die skool en die Onderwysdepartement verwerk. Ouers sal vanaf 29 Mei by die SMS-nommer en e-posadres wat tydens aansoek gegee is in kennis gestel word van die uitslag van hul aansoek. Let daarop dat 'n SMS-boodskap wat deur die departement gestuur word wat sê: "U aansoek is suksesvol ontvang", slegs beteken dat die aansoek volledig op die stelsel gelaai is en nog nie beteken dat u kind plasing gekry het nie.

8. **Hoërskool-sportuitslae:** Die rugby- en netbaluitslae teen HS De Villiers Graaff van 20 April is as volg:

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
14 A	10	6	W
14 B	8	11	V
16 A	26	2	W
16 B	12	9	W
16 C	28	1	W
19 A	26	7	W
19 B	19	3	W

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
15 A	0	5	V
17 A	17	24	V
19 A	19	21	V

9. **Wintersdrag:** Vanaf **Maandag 6 Mei** moet alle leerders in volle wintersdag geklee wees. Leerders is welkom om nou reeds wintersdrag te dra as hulle koud kry, maar somersdrag sal ook nog toegelaat word tot voor 6 Mei. Besoek gerus https://hsbonnievale.co.za/kleredrag vir die skool se volledige kleredragreëls, asook vir voorbeeldfoto's van hoe korrekte kleredrag lyk. Die Skoolkas, die skool se amptelike skoolklereverskaffer te Mullerstraat 1, se besigheidsure is: Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 12:00 tot 15:00 en die laaste Saterdag van elke maand 09:00 tot 12:00.

10. **Laerskool sportuitslae:** Die laerskool se rugby- en netbalspanne het gister teen Bontebok Primêr gespeel.

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**Wen/Verloor**
8 A	0	1	V
9 A	7	2	W
10 A	6	4	W
11 A	14	0	W
12 A	12	0	W
13 A	28	7	W

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**Wen/Verloor**
8	5	0	W
9	7	0	W
11	29	0	W
13	53	0	W

11. **Oueraande:** Ouers het op die volgende datums geleentheid om met hul kinders se onderwysers te ontmoet. Veral ouers van leerders wat nie goeie punte in kwartaal 1 behaal het nie moet asseblief 'n punt maak daarvan om by die ouerkontaksessies uit te kom.

    - Gr. 1 tot 3: Maandag 29 April 17:00
    - Gr. 4: Maandag 29 April 17:00 (gr. 4-ouers kom 17:00 in laerskoolbiblioteek bymekaar)
    - Gr. 5 tot 7: Maandag 29 April 17:00 tot 19:00 (gr. 5 tot 7-ouers besoek onderwysers individueel)
    - Gr. 8 tot 12: Donderdag 2 Mei 16:00 tot 18:00.

    Community Keepers, 'n organisasie wat voltyds by die skool is om leerders met emosionele uitdagings en karakterontwikkeling by te staan, sal ook by bogenoemde oueraande 'n inligtingstasie beskikbaar hê.

12. **MySchool**: Ouers en Bonnievalers, u kan geld vir die skool skenk sonder dat dit u 'n sent kos. Registreer vir 'n MySchool-kaart by enige Woolworths en Builders-tak of by www.myschool.co.za en kies "Hoërskool Bonnievale" as begunstigde. Vir enige aankope wat u by Woolworths, Builders, Engen en loot.co.za maak, kry die skool 'n persentasie van die bedrag.

13. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

14. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Sa. 27 Apr.	Vryheidsdag Hoërskoolsport vs. Montana (weg)
Ma. 29 Apr.	Oueraand Gr. 1 tot 3: 17:00 tot 18:00 Oueraand Gr. 4: 17:00 (gr. 4-ouers kom 17:00 in laerskoolbiblioteek bymekaar) Oueraand Gr. 5 tot 7: 17:00 tot 19:00 (gr. 5 tot 7-ouers besoek onderwysers individueel) Mnr. Jan du Toit verjaar
Di. 30 Apr.	Hoërskole Wynlande-netbalproewe (Wellington) Onderwysersdinee in NGK Vandermerwe-kerksaal (18:00)
Wo. 1 Mei	Werkersdag (Skool gesluit)
Do. 2 Mei	Oueraand Gr. 8 tot 12: 16:00 tot 18:00
Vr. 3 Mei	Leierskapskursus (13:00)
Sa. 4 Mei	Laerskool Montagu Sportdag Hoërskoolsport vs. Labori (weg)
Ma. 6 Mei	Mev. Chameron Mathys verjaar SBL Benoemingskomitee vergader 18:00
Di. 7 Mei	Loopbaanuitstalling in HSB-skoolsaal vir graad 11's en 12's van HSB 8:00 tot 9:00 Laerskoolsport vs. Vergesig Primêr (tuis) Mnr. en Mej. HSB
Wo. 8 Mei	Skaak vs. Ashton Sekondêr (weg) Me. Wilna Baatjies verjaar
Do. 9 Mei	Hemelvaartdag (Normale skoolure; hemelvaartdiens sal in skoolsaal aangebied word)
Sa. 11 Mei	Hoërskoolsport vs. HS Bredasdorp (weg)
So. 12 Mei	Moedersdag
Di. 14 Mei	Skoolfoto's (Leerders moet wintersdrag aanhê)

	O.O.K.-vergadering 17:30
Wo. 15 Mei	Skaak vs. HS Robertson (weg)
Do. 16 Mei	Laerskoolsport vs. LS Ashton (weg)
Sa. 18 Mei	Langeberg Landloopbyeenkoms te HS Bonnievale Laerskool Swellendam Sportdag Engelsredenaars te Montagu Museum

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

Ikigai beteken om ‘n doel in die lewe te hê. Die rede hoekom jy opstaan elke oggend. Die vier reëls van Ikigai is:

1. Doen dit waarvoor jy lief is.
2. Doen dit waarin jy goed is.
3. Doen iets wat die wêreld benodig.
4. Doen iets waarvoor jy betaal kan word.

- Héctor Carcía en Francesc Miralles in hul boek, *Ikigai: Simple secrets to a long and happy life*